

DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS EN DIE HOËRSKOOL*

Dat daar met die onderrig van geskiedenis 'n groot skroef los is en dat hierdie feit in wyer kringe sorg baar, sal niemand betwis nie. Bewys hiervan is die feit dat toonaangewende opvoedkundiges, welmenende staatsmanne en die meningskolomme van goedgesinde koerante herhaaldelik in die jongste tyd hul stemme laat hoor het.

Elke hoërskoolonderwyser behoort presies vas te stel in hoe 'n mate die hoërskool die geleentheid bied om nog te red wat te red is. Wat die onderrig van Geskiedenis in die Kaapse junior sekondêre skool betref, was dit vyftien jaar gelede vir die Departement van Onderwys nodig om te erken dat: „Vanweë die groeiende ingewikkeldheid van die moderne lewe as gevolg van industrialisasie en verstedeliking, die sosiale opvoeding van die huidige jeug nie meer, soos in die verlede dkwels gebeur het, aan blote toeval oorgelaat kan word ne. Die ouerhuis en die ander normale invloede blyk tans ontoereikend as sosio-opvoedkundige middele en daarom moet hulle aangevul word deur sosiale opvoeding in die skool. Die kind van vandag het 'n behoefte aan 'n duidelike beeld van sy maatskaplike en ekonomiese omgewing sodat hy volledig bewus kan word van die verhouding wat daar tussen hom en ander mense behoort te bestaan en van die aard van sy sosiale verantwoordelikheid en pligte.”

Die fout by die onderrig van geskiedenis in die Kaapse Junior Sertifikaat was volgens die Departement dat daar destyds „te krampagtig aan die feite-inhoud vasgehou is en dat die behandeling van die leerstof so wetenskaplik en akademies was asof dit vir volwassenes bestemd was. Te veel nadruk is gelê op die inprenting van feite ten koste van 'n heldere begrip van die leerstof.”

Om hierdie leemte uit die weg te ruim, is toe oorgegaan om geskiedenis en aardrykskunde te koppel onder, soos die redakteur van die *Oosterlig* dit uitdruk, „die verdoeselende naam” Sosiale Studie, wat dan as óf geïntegreerde óf samegestelde kursus aangebied kon word.

Die doel van die kursus in Sosiale Studie wat oor drie jaar strek, is om aan die leerling tuis te bring wat sy erfenis uit die verlede is; om aan hom oor te dra: die kennis van die geskiedenis van sy eie land; hoe hy bestuur word; om hom 'n denkbeeld te gee van die ontwikkelingsgang van die beskawing van die vroegste tye af tot vandag toe met besondere nadruk op die vernaamste gebeurtenisse en bewegings wat in besonder die hedendaagse leefwyse in Suid-Afrika raak; om aan die adolessent 'n insig te gee van die toestand waaronder hy lewe en hom vertrouwd te maak met die vraagstukke waarmee hy in aanraking sal kom.

Verder moet hy gegewens intelligent bymekaar bring en rangskik; moet hy objektief en krities kan dink; moet hy 'n begrip van tyd aanleer

en die uitwerking van oorsaak en gevolg verstaan. Hy moet in staat wees om gegewens skriftelik en mondeling duidelik te stel en dit moet hom uiteindelik in staat stel om sy kennis doeltreffend aan te wend.

Ek het met opset 'n volledige beeld van die doelstellings gegee omdat dit teoreties so 'n wonderlike ideaal is. Om dit te bereik, is dit 'n vereiste dat die leerling van st. VI tot st. VIII in Kaapland Sosiale Studie as vak volg. Kom ons egter by die praktyk, vind ons dat die ideaal sommer uit die staanspoor vernietig is. In die Kaapse provinsiale skole is Sosiale Studie net in st. VI verpligtend. Van st. VII af is dit 'n keusevak en daarby beslis nie 'n gewilde keusevak nie, aangesien die leerling dit om verstaanbare redes as twee vakke beskou wat dubbel die hoeveelheid leerwerk verg as 'n ander keusevak. Die gevolg hiervan is dat ruim 40% van ons leerlinge wat nie geskiedenis kies nie, die pragtige beoogde doelstellings moet bereik met 'n st. VI-leerplan wat die volgende omvat:

Die stigting van die verversingspos aan die Kaap.

Immigrasie onder Simon van der Stel.

Die belangstelling van vreemde moondhede in die Kaap en

Die bevolking van die Oosgrens. (Terloops, geskiedenis wat hy al van sy kleintyd in die laerskool leer).

Dit word aangevul deur ons erfenis van die Antieke Wêreld:

Die ontstaan en groei van die Christelike Kerk.

Die Kerk en Feodale Stelsel gedurende die Middeleeue, en

Die invloed van die Renaissance op die gebied van die kuns, letterkunde en die wetenskap.

Onder hierdie omstandighede is dit vir die geskiedenis-onderwyser 'n onbegonne taak om iets konstruktiefs te bereik en vir die konsensieuse leerkring begin die toestand van frustrasie reeds in die st. VI-jaar. Hy sit opgesaam met 'n massa leerlinge met wie hy 'n gedeelte van 'n kursus deurwerk wat tog uit die aard van die saak nie tot veel kan lei nie. Die leerlinge self vat maar langtand aan die vak, want hy weet dat dit maar net vir 'n jaar is en bowendien tel dit nie eers by sy promosie aan die einde van die jaar nie. Dit is om die rede dat 95% van die geskiedenis-onderwysers aan wie ek 'n omsendbrief gestuur het onomwonde verkies dat geskiedenis tot by st. VIII 'n verpligte skoolvak moet word. Minister Jan de Klerk was ook bewus van die leemte toe hy onlangs aangekondig het dat Geskiedenis van aanstaande jaar af in al die skole wat onder sy Departement ressorteer, in sts. VI-VIII verpligtend sal wees.

Hierdie aankondiging beteken nie, soos verkeerdelik berig, dat tegniese-, handels- en nywerheidskole daardeur in die praktyk op dieselfde peil as die provinsiale skole gebring word nie — dit beteken inderdaad dat provinsiale akademiese skole 'n groot agterstand by beroepskole het omdat al die leerlinge in laasgenoemde skole geskiedenis leer, terwyl net 'n gedeelte leerlinge in die provinsiale skole daardie voorreg geniet.

'n Mens kan seker gesels oor die gebreke van die geskiedenisonderrig in die junior afdeling van die Kaapse hoërskool, maar vir my is dit baie

belangriker dat die vak verpligtend gemaak word sodat die onderwyser die geleentheid gegun word om die vak tot sy reg te laat kom. Intussen sal ons maar net moet aanvaar dat 'n groot gedeelte van ons leerlinge die skool verlaat sonder enige kennis van sy erfenis uit die verlede, sonder kennis van sy vaderlandse geskiedenis, sonder kennis van die strominge en invloede wat sy denkwysse raak, sonder kennis van hoe hy regeer word en hoe om 'n ordentlike burger te wees. Hy is feitlik verdoem om deur die lewe te gaan sonder kennis van die probleme wat hy moet oplos, sonder volkstrots en nasiebewustheid wat op kennis en insig berus — en dit in 'n land soos Suid-Afrika waar die toekoms 'n uitdaging is, en sy behoud op intelligente optrede sal moet berus.

Maar ek wil 'n omvattender ontleding maak van die onderrig van geskiedenis in die senior klasse van die Kaapse hoërskool. Die doelstellings by die senior klasse toon feitlik 'n woordelike ooreenkoms met die doelstellings in die Junior Sekondêre Skool. In die eerste plek is daar die doelstellings wat berus op die filosofie of beginsels wat die leerplan ten grondslag lê. Dit het te make met die bybring van kennis, begrip en insig van die verlede, van hedendaagse toestande en strominge en vraagstukke waarmee die individu te doen kry. Dit is noodsaaklik dat die onderwyser hierdie doelstellings of beginsels deeglik moet verstaan en aanvaar, want hierdeur sal beide sy benadering van die vak en die rigting van sy onderwys, bepaal word.

Die tweede groep doelstellings het hoofsaaklik te doen met die metode waarvolgens historiese kennis verkry word en die intelligente gebruik daarvan. Hierdie doelstellings kas as volg saamgevat word: „Die bemagtiging van die inhoud en leerstof van die leerplan en die aankweek van korrekte werk- en dinkgewoontes. As geskiedenis enige vormende waarde moet hê, dan moet die geskiedenisonderwyser hom noodsaaklikerwys op die regte metodes toespits.”

Die derde doel is natuurlik om die leerling by die eindeksamen te toets. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat ons hier te doen het met die leerplan en sy opstellers, die geskiedenisonderwyser en die eksaminator. Voordat ek hierdie drie aspekte noukeuriger behandel, moes ek eers duidelikheid kry oor die toestand van geskiedenis in die senior klasse.

Om die rede het ek 'n eenvoudige vraelys van 14 vrae opgestel en dit aan 30 skole in Oos-Kaapland gestuur. Ek het 28 van hierdie vraelyste teruggekry en hoewel ek geensins op wetenskaplikheid aanspraak wil maak of selfs wil voorgee dat 'n mens betroubare en geldige gevolgtrekkings kan maak nie, gee die antwoorde darem 'n aanduiding van die algemene gevoel en houding van die geskiedeniskollegas in hierdie omgewing en dui dit op moontlike gedagterigtings.

Ek wou eerstens vasstel of geskiedenis 'n gewilde keusevak by ons skole is. Teen my verwagting in het 46% van die leerkragte onomwonde verklaar dat geskiedenis wel 'n gewilde vak by hul skole is. Net om die graad van gewildheid vas te stel, het ek toe gevra watter persentasie

leerlinge geskiedenis as vak volg. Volgens die antwoorde wissel die persentasie van 27% tot 80%, afgesien van die drie skole waar geskiedenis verpligtend is. Wat nog meer verrassend uit die antwoorde blyk, is die feit dat net by 39% van hierdie skole geskiedenis deur minder as 50% leerlinge geneem word. As hierdie gegewens dus 'n algemene tendens aandui, dan is die leerlingmateriaal beskikbaar en kan 'n mens met reg aandag skenk aan die onderrig van geskiedenis in die senior klasse.

Om vas te stel wat die sienswyse is ten opsigte van geskiedenis as verpligte skoolvak, was slegs 68% van die kollegas ten gunste van so 'n verandering. In die jongste tyd is dikwels oorweging geskenk aan die moontlikheid om geskiedenis, saam met die derde taal of wiskunde, as vrystellingsvak by ons universiteite te laat dien, juis om kandidate aan te spoor om die vak te neem. 71% van die kollegas wat die vraelyste voltooi het, is ook die mening toegedaan.

Ons kom nou by die eksaminering van geskiedenis by die Senior Sertifikaat. 'n Mens wonder soms of die eksaminator altyd bewus is van sy belangrike aandeel in die bepaling van die gees van die onderrig van geskiedenis. Per slot van sake is dit hy wat die leerplan interpreteer, dit is hy wat in 'n groot mate die studiemetodes bepaal, dit is hy wat die vak gewild of doodmaak. Die skoolhoof, die ouer, die omgangsinspekteur verwag almal dat die leerling wat hulle aan jou sorg toevertrou, moet slaag, en daarom word die eksamen, en daarmee die eksaminator, noodwendig buite verhouding belangrik.

Ek wou ook in hierdie opsig moontlike aanduidings kry waarom daar by geskiedenis 'n skroef los is. Ek het toe pertinent gevra of die senior-sertifikaateksamen die leerlinge, volgens die onderwyser se oordeel, reg klassifiseer en of hulle na verdienste beloon word. In 60% van die gevalle dink die onderwyser nie dat daar reg aan sy kandidate geskied nie. Sommige onderwysers was baie uitgesproke in hierdie verband. Ek noem net enkele aanmerkings:

„In 1965 het 'n leerling met I.K. 97 net kort aantekeninge van my geleer en 'n B-simbool behaal, terwyl 'n konsensieuse leerling met I.K. 136 'n C-simbool behaal het. Die verklaring: Die eksaminator gee geen krediet vir wyer studie nie.”

„In 1964 het ek 'n leerling gehad waarvan 'n geskiedenis-onderwyser net kan droom. Sy het die geskiedenis haar eie gemaak, bygewerk en dit terugegee beter as wat dit in die handboek staan. Sy was 'n gemiddelde 80-persenter, maar die eksaminator kon haar nie meer as 'n C-simbool gee nie. Terloops, sy neem tans Geskiedenis aan universiteit en behaal 8's en 9's.”

Die geskiedenis-kollegas het nie baie beswaar teen die huidige vorm van die vraestel nie, aangesien 75% die vorm wil behou. Hulle verkies ook dat geskiedenis ekstern geëksamineer word — slegs 42% is ten gunste van 'n interne eksamen in st. X, hoewel 90% graag die memorandum onder

oë wil kry, net om sekerheid te verkry oor hul vermoedens. En wat is nou hul vermoedens? Ons stel weer 'n paar kollegas self aan die woord:

„Definitief, want op die oomblik tas 'n mens in die duister rond, want jy weet nie wat verwag word nie.” „Hier is die kern, die feit dat die onderwyser in die duister gelaat word van wat die eksaminator verwag.” „Te veel waarde word geheg aan fyn besonderhede.” „Die opnoem van feite soos 'n pappegaai is baie belangriker as insig en interpretasie.” „En dan het ek net gewonder of al die sub-eksaminatore, wat maar 5 of 6 temas behandel en ander wat glad nie direk met geskiedenisonderrig gemoeid is nie, in staat daartoe is om reg te laat geskied aan antwoorde wat oor twaalf temas verspreid is.”

Ter verdediging van die geskiedenis-eksaminator moet ons darem erken dat daar nog altyd 'n eerlike poging was om billik te wees, dat die formulering van lang vrae daarop dui dat inhoud sowel as begrip getoets word. Hoe die memorandum daar uitsien, is vir die geskiedenisonderwyser natuurlik 'n geheim.

Dit bring ons by die leerplan. 79% van die kollegas reken dat die leerplan oorlaai is. Dit was nie vir my 'n verrassing nie. Wat wel vir my 'n skok was, is die 21% wat beweer dat die leerplan nie oorlaai is nie.

Ons is almal daarvan bewus dat die leerplan uit twaalf studie-temas bestaan, wat in twee afdelings verdeel is. Elke afdeling bevat 6 studie-ontwerpe van omvattende aard wat onderskeidelik in verband staan met die Suid-Afrikaanse en die algemene geskiedenis. Hiervan moet nie minder nie as nege studie-ontwerpe, minstens vier uit elke afdeling, behandel word. Die ontwerpe is so gekies dat met elke studie-onderwerp 'n spesifieke doel bereik word. Ons behandel net die Vaderlandse geskiedenis as voorbeeld:

Deur die bestudering van die ses temas moet die leerling, afgesien van die feitlike inhoud self, insig verkry oor die ontstaan van Suidwes-Afrika en Rhodesie en ons skakels met hierdie buurstaat (veral in die lig van huidige gebeurtenisse), die verloop van industrialisering en verstedeliking in die Republiek sedert 1918 en die verreikende gevolge daarvan op de land se ekonomiese struktuur, bevolkingsverspreiding en maatskaplike toestande; die staatkundige evolusie van die Republiek en sy verhouding tot die Statebond en ander lande; die omvang van die Republiek se arbeidsbronne en die brandende vraagstukke rakende die stedelike Bantoe.

Dit kan alleen bereik word as die onderwyser al ses die temas behandel. In die praktyk is daar kwalik tyd om drie deur te werk. Die st. X-leerling moet dan maar die kennis en insig en beïnvloeding van die ander drie ontbeer — m.a.w. hy moet tevrede wees met 'n halwe kursus.

Ek wil geredelik toegee dat 'n onderwyser vyf temas, die minimum vereiste vir die eksamen tydsaam kan deurwerk, elke moontlike eksamen-vraagie kan uitwerk of laat uitwerk, genoeg drilwerk kan doen om selfs die ou swakste 33% van die feite te laat memoriseer. Of die leerling dan geskiedenis geleer het, of hy insig gekry het in die hedendaagse strominge

en vraagstukke, of hy intelligent kan dink en verstandig kan praat oor nuus- en koerantberigte en 'n lewende lid van die gemeenskap is, dit is 'n ander vraag.

En dan het ons nog nie eers gekom by die opleiding in die gebruik van die regte studiemetodes wat volgens die Departement van net soveel belang as die verwerwing van kennis van geskiedkundige waarde is nie. Daarom beveel die Departement werkmodes aan wat individuele studie kan bevorder, wat die leerling in staat sal stel om naslaanboeke te hanteer, bepaalde gegewens daaruit te haal en dit te rangskik vir sy bepaalde behoeftes. Hierdie werkmodes sal die leerling lei om objektief en krities te dink en om sy oordeelsvermoë te bevorder. Hierdie vaardigheid nl. om naslaanboeke te hanteer, is 'n bate vir iedereen wat voornemens is om sy studie in hoër inrigtings voort te sit of wat, nadat hy skool verlaat het, sy kennis deur middel van self-studie wil uitbrei.

Van die leerkrigte wat die vraelys beantwoord het, kry slegs 11% tyd om iets in hierdie rigting te doen. As die Departement hierdie doelstelling net so belangrik beskou as die verkryging van geskiedkundige kennis, en as verder in aanmerking geneem word dat 'n betreklik klein persentasie leerlinge geskiedenis leer en dat 89% van hulle, d.w.s. wat geskiedenis leer, nooit die geleentheid kry om selfstandige studie te onderneem en die nodige leiding in die verband van die onderwyser te kry nie, bewys dit nogeens dat baie van die doelstellings wat geskiedenisonderrig in die vooruitsig stel, bloedweinig tot sy reg kom.

Daar moet geredelik toegegee word dat die nodige fasiliteite van goed-toegeruste biblioteke nie altyd beskikbaar is nie, dat leerlinge se skoollewe vol buiteskoolse verpligtings is, dat die leerplan so uitgebrei is dat die geskiedenis-onderwyser kwalik die minimum kan baasraak, maar ons weier om aan te neem dat, soos 'n leerkrig dit stel, 'n senior leerling nog nie ryp is vir hierdie werk nie. En dan voeg sy by implikasie by dat ek tog nie so onnosel kan wees om dit van 'n leerling te verwag nie, want, weet ek dan nie dat seminare eers van die tweede jaar af op universiteit uitgewerk word nie!

Is die geskiedenis-leerkrig dan onwillig om hierdie belangrike aspek van geskiedenis-onderrig te onderneem? Ek het in die vraelys die vraag gestel of die leerkrig ten gunste is dat die leerlinge so 'n werkstuk aanpak, naslaanwerk moet doen en dat daar dan punte aan die werkstuk toegeken word. Ek het die getal punte op 100 gestel, juis omdat die Departement dit so belangrik ag. 60% van die leerkrigte was ten gunste van so 'n individuele werkstuk met hier en daar 'n wysiging. Party verkies twee werkstukke — een in st. IX en een vir st. X; party verkies 50 punte; ander 75. Een leerkrig het gereken dat dit 'n mooi ideaal is, maar dat dit tot wanpraktyke kan lei. 'n Mens wil natuurlik laasgenoemde moontlikheid erken, maar terselfdertyd byvoeg dat enige metode tot wanpraktyke kan lei — selfs die feit dat die ervare leerkrig deur 'n bietjie studie en

vergelyking haarfyn kan voorspel watter lang vrae op die geskiedenis-vraestel gaan staan.

82% van die leerkrigte voel dat die doelstellings wat met geskiedenis beoog word, nie onder die huidige leerplan en eksamenstelsel bereik word nie. Ek het net gewonder wat die reaksie sou wees, selfs van geskiedenis-leerkrigte, as 82% van ons argitekte en bou-aannemers sou erken dat die geboue wat hulle oprig, mislukkings is.

Uit die vraelys wat ek gestuur het, het ek agtergekom dat baie min van ons kollegas die voorgestelde gemeenskaplike leergang onder oë gehad het.

Die doelstellings by hierdie leerplan is basies dieselfde as by die ou leerplan, behalwe miskien dat daar meer nadruk gelê word op insig. Daarom sê die opstellers dat „klem slegs op uitstaande kenmerke van die beweging behoort gelê te word. Die studie van elke beweging behoort ten doel te hê om aan die leerlinge 'n begrip te gee van die onderlinge verband tussen die aantal aaneenskakelende feite en van die ontwikkelings-gang as proses. Gebeurtenisse in Suid-Afrika behoort met die buitelandse geskiedenis in verband gebring te word, en waar moontlik, behoort die leerstof ook by die jongste gebeure ingeskakel te word. Daarbenewens behoort die verband tussen die gebeure in die verskeie Suid-Afrikaanse strominge aangedui te word sodat hulle in die lig van wyer samehang gesien kan word.”

Dit is duidelik dat hier 'n nuwe benadering met ou leerstof beoog word. Dit veronderstel dat die onderwyser sy geskiedenis ken, dit veronderstel dat die onderwyser op hoogte bly van gebeurtenisse in sy eie land en oorsee. Dit veronderstel verder dat die geskiedenis-onderwyser self die strominge moet raaksien en dit beteken dat hy self student moet bly, dat hy na sy nuus moet luister en sy koerant moet lees. As dit nie gebeur nie, en die handboek maar weer die alfa en omega van die geskiedenisklas word, sal ons voortgaan om Geskiedenis te vermoor, ten spyte van die besorgdheid van mense wat die waarde van geskiedenis as skoolvak ken. Al sou ons ook die vak verpligtend maak, en dit sou nie gepaard gaan met 'n nuwe houding en benadering nie, sou dit niks baat nie.

Wat die leerplan betref, is daar nie veel verskil wat die lengte betref nie. Die nuwe handboek sal in 'n groot mate bepaal of die leerplan oorlaai is of nie. Ons is maar te bewus daarvan dat beide die leerkrig en die eksaminator hom in 'n groot mate laat lei deur die handboek, miskien meer as deur die leerplan self. Ek wil net byvoeg dat individuele naslaan-werk in die nuwe leerplan tot sy reg sal moet kom. In die doelstellings word duidelik gesê dat voldoende tyd beskikbaar gestel word vir afsonderlike bestudering van 'n hele studie-onderwerp of 'n gedeelte daarvan. Die hoop word gekoester dat 'n hele stroming of aspekte daarvan meer omvattend of intensief deur die klas of afsonderlike leerlinge aangepak sal

word deur middel van projekte of take. Werkmetodes wat individuele studie kan bevorder, behoort gevolglik aangewend te word. Aangesien die leerstof wat vir die openbare eksamen vereis word, aansienlik ingekort is, sal daar voldoende geleentheid wees vir afsonderlike projekte en take in die loop van die studiejaar.

Die toekoms van Geskiedenis lê in die hande van die Geskiedenis-
onderwyser. Hierdie verantwoordelikheid kan ons nie ontduik deur ons
mislukkings aan die leerplan of eksamenstelsel ten laste te lê nie. Watter
metode die onderwyser gaan aanwend om sy doel te bereik, sal hy self
moet bepaal.

C. J. S. Langenhoven.